NWU ®

Fakulteit **Ingenieurswese** | Faculty of **Engineering**

Undergraduate
Voorgraads

2020 Yearbook *Jaarboek*

Address all correspondence to:

The Registrar
North-West University
Private Bag X1290
Potchefstroom
2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Fax: (018) 299-4910
Internet: http://www.nwu.ac.za

PLEASE MENTION YOUR UNIVERSITY NUMBER IN ALL CORRESPONDENCE.

The General Academic Rules of the University, to which all students have to subject themselves and which apply to all the qualifications offered by the University, appear in a separate publication and are available on the web page at: http://www.nwu.ac.za/yearbooks.

Please note: Although the information in this Calendar has been compiled with the utmost care and accuracy, the Council and the Senate of the University accept no responsibility whatsoever for errors that may occur. Before students finally decide on the selection of modules, they must consult the class timetable. If a clash occurs in the planned selection of a student, the relevant module combination is not permitted.

Rig alle korrespondensie aan:

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X1290
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-4910

Internet: http://www.nwu.ac.za

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web by: http://www.nwu.ac.za/yearbooks.

Let Wel: *Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.*

Table of Contents

NWU Office Bearers / *NWU Ampsdraers*

Chancellor / *Kanselier*
Dr ATM Mokgokong

Vice-Chancellor / *Vise-Kanselier*
Prof ND Kgwadi

Vice-Principal / *Vise-Prinsipaal*
Prof L du Plessis

Vice-Chancellor: Research and Innovation / *Vise-Kanselier: Navorsing en Innovasie*
Prof N (Refilwe) Phaswana-Mafuya

Vice-Chancellor: Teaching and Learning / *Vise-Kanselier: Onderrig en Leer*
Prof R Balfour

Deputy Vice-Chancellor: Assigned functions and Potchefstroom campus operations / *Adjunk Vise-Kanselier: Toegewysde funksies en Potchefstroomkampusbedryf*
Prof D Balia

Deputy Vice-Chancellor: Planning and Vaal Triangle campus operations / *Adjunk Vise-Kanselier: Beplanning en Vaaldriehoekkampusbedryf*
Prof L du Plessis

Deputy Vice-Chancellor: Assigned functions and Mafikeng campus operations / *Adjunk Vise-Kanselier: Toegewysde funksies en Mafikengkampusbedryf*
Prof M Setlalentoa

Executive Director Student Life / Uitvoerende Direkteur: *Studentelewe*
Dr S Chalufu

Registrar / *Registrateur*
Prof MM Verhoef

NWU Executive Deans / *NWU Uitvoerende Dekane*

Faculty of Economics and Management Sciences / *Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*
Prof S Swanepoel.

Faculty of Education / *Fakulteit Opvoedkunde*
Prof L Conley

Faculty of Engineering / *Fakulteit Ingenieurswese*
Prof L van Dyk

Faculty of Health Sciences / *Fakulteit Gesondheidswetenskappe*
Prof AF Kotzé

Faculty of Humanities / *Fakulteit Geesteswetenskappe*
Prof P Maseko

Faculty of Law / *Fakulteit Regte*
Prof S de la Harpe

Faculty of Natural and Agricultural Sciences / *Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe*
Prof E Ebenso

Faculty of Theology / *Fakulteit Teologie*
Dr H Goede

FACULTY BOARD

Chairperson:
Prof L van Dyk (Executive Dean)

School directors:

School of Chemical and Minerals Engineering
Prof QP Campbell (Director)

School of Electrical, Electronic and Computer Engineering
Prof G van Schoor (Director)

School of Mechanical Engineering
Prof WLR den Heijer (Director)

School of Industrial Engineering
Prof SE Terblanche (Director)

Centre for Engineering Education
Prof M le Roux (Director)

Unit for Energy and Technology Systems
Prof FB Waanders (Director)

Business Development and Stakeholder Engagement
Prof M van Eldik (Director)

Academic staff

Professors
Prof JA de Kock

Associate Professors
Prof DE Serfontein
Vacant/Vakant
Vacant/Vakant

Senior Lecturers
Mr CJ Schabort
Dr H Marais
Vacant/Vakant
Vacant/Vakant

Lecturers
Dr R Coetzee
Mr PJ Tolmay
Dr PvZ Venter
Mr JD Human

Junior Lecturers
Me C du Plessis
Mr JA Bezuidenhout

Research
NRF Rated Researcher
Prof R Gouws

Student Representative
Chairperson Ingenium

Faculty Administrator
Vacant/Vakant

ENG.1   GENERAL / *ALGEMEEN*

The Faculty of Engineering of the NW University officially came into existence in 1982. In 1992 the Faculty relocated from the Vaal Triangle to Potchefstroom. The Faculty comprises four schools offering training, teaching, post-graduate study and research in seven specialised fields in Engineering.

The spirit of the North-West University is reflected in the way we unlock the future for people and enable them to make their dreams come true.

This spirit runs across all our activities and operations, from our academic offerings and research to our student body, community engagement and sports achievements.

The NWU is committed to function as a unitary, integrated multi-campus university that will enable equity, redress and globally competitive teaching and research across all campuses.

The Faculty of Engineering of the North-West University continually strives to be a training hub for high-quality, versatile and innovative engineers. We pride ourselves on world-class teaching standards, a sound value system, innovative thinking and passion.

Engineers find ways to do things better, faster and more efficient. They make life easier by adding value to and optimising available resources. They reduce manufacturing costs by designing better processes.

Die Fakulteit Ingenieurswese van die NW-Universiteit het in 1982 amptelik tot stand gekom. In 1992 het die fakulteit van die Vaaldriehoek af na Potchefstroom verskuif. Die Fakulteit bestaan uit vier skole wat opleiding, onderrig, nagraadse studie en navorsing in sewe gespesialiseerde rigtings in Ingenieurswese doen.

Die gees van die Noordwes-Universiteit word weerspieël in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Hierdie gees is teenwoordig in al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons akademiese aanbod en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies.

Die NWU is daartoe verbind om as 'n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit te funksioneer, wat billikheid, regstelling en internasionaal mededingende onderrig en navorsing oor al die kampusse heen sal bemoontlik.

Die Fakulteit Ingenieurswese streef voortdurend daarna om 'n opleidingsmiddelpunt vir hoë kwaliteit, veelsydige en innoverende ingenieurs te wees. Ons is trots op ons wêreldklas standaarde, gegronde waardesisteme, innoverende denke en passie.

Ingenieurs vind maniere om alledaagse dinge beter, vinniger en meer doeltreffend te doen. Hulle maak ons lewens makliker deur beskikbare bronne te optimaliseer en vervaardingingskostes te verminder deur beter prosesse te ontwerp.

For information regarding postgraduate study, you are referred to the Postgraduate Calendar.

Vir inligting oor nagraadse studie, word u verwys na die Nagraadse Jaarboek.

ENG.1.1   THE ENGINEERING PROFESSION / *DIE INGENIEURSBEROEP*

ENG.1.1.1   The Role of the Professional Engineer / *Die Professionele Ingenieur se rol*

Engineering refers to the practice of the organising of the design, construction and operation of artefacts (products, processes or systems) which transform the physical world around us, in order to satisfy certain identified needs. Engineers study science and use it to solve problems of practical importance, typically by a process known as creative synthesis or design. Engineers are members of a profession and are responsible for the discerning application of their knowledge with a view to the sustainable economic progress and welfare of humanity.

Although engineering as a profession has its origin in the earliest development of humankind, it was only in the middle of the nineteenth century that scientific methodology was first systematically applied to solve engineering problems and when a start was made with the establishment of engineering schools, leading to engineering being recognized as a "learned profession".

With the impact of technology on our society engineering plays an increasingly important role with respect to economic development. Excellent work opportunities exist for engineers in almost all sectors of the economy, both locally and overseas.

The purpose of the BEng degree is to equip students with the necessary knowledge to be able to practise as professional engineers.

Ingenieurswese verwys na die praktyk van organisering van die ontwerp, konstruksie en bedryf van artefakte (produkte, prosesse of stelsels) wat die fisiese wêreld rondom ons transformeer ten einde sekere geïdentifiseerde behoeftes te bevredig. Ingenieurs bestudeer die wetenskap en pas dit toe om probleme van praktiese belang op te los, tipies deur 'n proses wat bekend staan as kreatiewe sintese of ontwerp.

Ingenieurs is lede van 'n professie en is verantwoordelik vir die oordeelkundige toepassing van hulle kennis vir die volhoubare ekonomiese vooruitgang en welsyn van die mensdom.

Alhoewel ingenieurswese as professie sy oorsprong in die vroegste ontwikkeling van die mensdom het, was dit eers in die middel van die negentiende eeu, toe daar die eerste keer begin is om wetenskaplike metodes sistematies toe te pas om ingenieursprobleme op te los en toe daar begin is met die stigting van ingenieurskole en -verenigings, dat dit erkenning begin geniet het as 'n "geleerde professie".

Met die toenemende invloed van tegnologie op ons samelewing speel ingenieurs 'n al hoe belangriker rol ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Uitstekende werksgeleenthede bestaan vir ingenieurs in feitlik alle sektore van die ekonomie, beide plaaslik sowel as in die buiteland.

Die BIng-graad het ten doel om studente met die nodige kennis toe te rus om as professionele ingenieurs te kan praktiseer.

ENG.1.1.2   Professional ethics / *Professionele etiek*

Engineers are subject to a professional code of conduct. The Engineering Council of South Africa (ECSA) is vested with powers to lay down standards for education and to register qualified persons as professional engineers. Registration as a Professional Engineer (PrEng) certifies that a person is authorised to practise as an engineer. ECSA also has the authority to take disciplinary action against engineers who are guilty of misconduct.

Due to the high ethical standards in the engineering profession it is improbable that a person who has been convicted and sentenced in a court of law or against whom disciplinary measures have been taken as a result of conduct which suggests dishonesty, will be admitted to the engineering profession, notwithstanding good academic results.

More information regarding the engineering profession is available on the website of the Engineering Council of South Africa at https://www.ecsa.co.za/default.aspx

As lede van 'n professie is ingenieurs onderworpe aan 'n gedragskode. In Suid-Afrika is die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) met statutêre magte beklee om standaarde vir opleiding voor te skryf en professionele ingenieurs te registreer. Registrasie as professionele ingenieur (PrIng) sertifiseer dat 'n persoon bevoeg is om as ingenieur te praktiseer. ECSA beskik ook oor die bevoegdheid om tugmaatreëls op ingenieurs wat hul aan wangedrag skuldig maak, toe te pas.

Danksy die hoë etiese standaarde wat in die ingenieursprofessie geld, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, nieteenstaande goeie akademiese prestasie, tot die professie toegelaat sal word of toegelaat sal word om as professionele ingenieur te registreer.

Verdere inligting aangaande die ingenieursberoep is beskikbaar op die webblad van die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) by https://www.ecsa.co.za/default.aspx

ENG.1.1.3   Registration as Professional Engineer / *Registrasie as Professionele Ingenieur*

To register as a professional engineer, and so use the title PrEng, a person must usually meet two requirements:

- The person must hold a BEng or BScEng degree that has been accredited by ECSA for this purpose; and the person must have completed a period of in-service training that satisfies ECSA's requirements in terms of standard and duration (at least three years). This period may be shortened with one year after obtaining an advanced university degree.

Om as 'n professionele ingenieur te registreer, en so die titel PrIng te gebruik, moet 'n persoon gewoonlik aan twee vereistes voldoen:

- *Die eerste vereiste is 'n universiteitsgraad in die ingenieurswese, soos bepaal deur die Wet op die Ingenieurswesprofessie van Suid-Afrika 46 van 2000. Die geakkrediteerde BIng-graad aan die Noordwes-Universiteit, word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) vir registrasie erken.*

- *Die tweede vereiste is 'n tydperk van indiensopleiding, wat volgens ECSA van aanvaarde standaard en duur is. Gewoonlik vereis die Raad indiensopleiding vir 'n tydperk van minstens drie jaar. Hierdie tydperk mag met een jaar verkort word, na die verwerwing van 'n gevorderde universiteitsgraad.*

ENG.1.2   PROFESSIONAL STATUS / *PROFESSIONELE STATUS*

ENG.1.2.1   ECSA Accreditation / *ECSA akkreditasie*

The BEng programmes of the faculty are formulated to meet the requirements of the Engineering Council of South Africa (ECSA) for accredited BEng programmes. This means that each of the programmes at least requires a number of credits per ECSA knowledge area, and also develops and assesses all the ECSA exit-level outcomes. Every student who has completed a BEng programme, meets the ECSA requirements.

The bachelor's degree awarded in the Faculty of Engineering is recognized by:

- The Engineering Council of South Africa (ECSA) as a qualifying degree for registration as professional engineer (PrEng) in terms of the Engineering Profession Act 46 of 2000.

- The following engineering societies for membership:

    i.   SA Institute of Chemical Engineering (SAICHE)

    ii.   SA Institute of Electrical Engineering (SAIEE)

    iii. SA Institute of Mechanical Engineering (SAIMechE)

iv.	SA Institute of Mining and Metallurgy (SAIMM)

v.	SA Institute of Industrial Engineers (SAIIE)

- Other local universities and universities abroad (enable access to postgraduate study).

Die BIng programme van die fakulteit, is so saamgestel, dat dit aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) vir akkreditasie, voldoen. Dit beteken dat elke program die nodige aantal vereiste krediete per ECSA kennisarea insluit en ook so saamgestel is dat dit aan alle ECSA uittreevlakuitkomste voldoen.

Die baccalaureusgrade wat in die fakulteit Ingenieurswese toegeken word, word erken deur:

- *Die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) as kwalifiserende grade vir registrasie as professionele ingenieur (PrIng) volgens die Wet op die Ingenieursweseprofessie van Suid-Afrika 46 van 2000.*

- *Die volgende ingenieursverenigings vir lidmaatskap, wat insluit:*

  i. *SA Instituut van Chemiese Ingenieurs (SAIChE)*

  ii. *SA Instituut van Elektriese Ingenieurs (SAIEI)*

  iii. *SA Instituut van Meganiese Ingenieurs (SAIMI)*

  iv. *SA Instituut vir Mynbou en Metallurgie (SAIMM)*

  v. *SA Instituut vir Bedryfsingenieurswese (SAIBI)*

- *Ander binnelandse en buitelandse universiteite (verleen toegang tot nagraadse studie).*

### ENG.1.2.2	International Comparability / *Internasionale erkenning*

International comparability of this qualification standard is ensured through the Washington Accord, an agreement for the mutual recognition of professionally-oriented bachelor's degrees in engineering. The standards are comparable with the Washington Accord Graduate Attributes. Washington Accord signatories are Australia, Canada, Chinese Taipei, Hong Kong China, India, Ireland, Japan, Republic of Korea, Malaysia, Russia, New Zealand, Singapore, South Africa, Sri Lanka, Turkey, United Kingdom, and the United States of America. Comparability is audited on a six-yearly cycle by a visiting Washington Accord team.

The current signatories and the Graduate Attributes are available at
https://www.ecsa.co.za/education/SitePages/International%20Recognition.aspx

ECSA is 'n ondertekenaar van die Washington Verdrag en daarom word die grade wat deur ECSA vir die opleiding van professionele ingenieurs geakkrediteer is, ook internasionaal deur ander ondertekenaars van dié Verdrag erken. Hierdie ooreenkoms verseker dus wedersydse erkenning van geakkrediteerde BIng-grade. Programme word elke ses jaar geoudit om volhoubare standaarde te verseker.

BIng-graduandi van die Noordwes Universiteit se opleiding word dus erken vir registrasie as Professionele Ingenieur (of ekwivalente) in lande wat dié verdrag onderteken het.

Die Washington Verdrag ondertekenaars sluit lande in soos: Australië, Kanada, Chinese Taipei, Hong Kong China, Indië, Ierland, Japan, Suid-Korea, Maleisië, Rusland, Nieu-Seeland, Singapoer, Suid-Afrika, Sri Lanka, Turkye, Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika.

Dié lys van ondertekenaars kan gevind word by
https://www.ecsa.co.za/education/SitePages/International%20Recognition.aspx

ENG.2   FACULTY RULES

ENG.2.1   AUTHORITY OF THE GENERAL ACADEMIC RULES / *GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS*

The faculty rules valid for the different qualifications, programmes and curricula of this faculty and contained in this faculty calendar are subject to the General Academic Rules of the University, as determined from time to time by the Council of the University on recommendation by the Senate. The faculty rules should therefore be read in conjunction with the General Academic Rules.

See the Rules on the web page at: http://studies.nwu.ac.za/sites/studies.nwu.ac.za/files/files/yearbooks/2018/A-RULES.pdf

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en die fakulteitsreëls moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

Die Reëls is op die webbladsy by: http://studies.nwu.ac.za/sites/studies.nwu.ac.za/files/files/yearbooks/2018/A-RULES.pdf

ENG.2.1.1   General provisions / *Algemene bepalings*

In accordance with the General Academic Rules of the North-West University the following apply with regard to application and interpretation:

These rules must be read with and applied subject to the Higher Education Act 101 of 1997 and the Statute of the North-West University and in conjunction with policies as determined by Senate and Council, such as, but not limited to, the Admission Policy, the Recognition of Prior Learning Policy and the Assessment and Moderation Policy, as well as the schedule of payable fees as determined annually by the University.

Senate must compile a manual for post-graduate studies within the framework of the provisions of these Rules, which manual has the status of a binding policy document of the University, in order to regulate matters relating to the preparation for, progress, guidance and completion of post-graduate studies.

Except where expressly provided for otherwise, these Rules apply to all qualification programmes listed in the Programme and Qualification Mix of the North-West University and offered by the University and prevail over Faculty rules (General Academic Rules 1.1.3).

In instances where a Faculty rule may contain provisions that are in conflict with these rules, the latter will prevail.

Where functions and decision-making authority are entrusted by these rules to persons or structures, Senate or a duly mandated sub-committee of Senate may at any time resolve to require the person or structure concerned to report on the performance of the function concerned or the making of the decision, and Senate may, within the limits of reasonableness, taking into account the implications for those affected thereby, replace or revoke the act or decision concerned (General Academic Rules 1.1.6).

Kragtens die Algemene Akademiese Reëls van die Noordwes-Universiteit geld die volgende ten opsigte van toepassing en interpretasie:

Hierdie Reëls moet saam met en onderhewig aan die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 en die Statuut van die Noordwes-Universiteit gelees en toegepas word, en tesame met beleide soos bepaal deur die Senaat en die Raad, met inbegrip van die Toelatingsbeleid, die Beleid oor Erkenning van Vorige Leer en die Assesserings- en Modereringsbeleid, sowel as die skedule van betaalbare gelde soos jaarliks deur die Universiteit bepaal.

Die Senaat moet binne die raamwerk van die voorskrifte van hierdie Reëls 'n handleiding vir nagraadse studie opstel wat die status van 'n bindende beleidsdokument van die Universiteit het, ten einde sake wat verband hou met die voorbereiding vir, verloop, begeleiding en afhandeling van nagraadse studie te reël.

Behalwe waar dit uitdruklik anders vermeld word, geld hierdie Reëls ten opsigte van alle kwalifikasieprogramme wat in die Noordwes-Universiteit se Program- en Kwalifikasiemengsel gelys word en wat deur die Universiteit aangebied word, en geniet dit voorrang bo fakulteitsreëls (Algemene Akademiese Reël 1.1.3).

In gevalle waar bepalings van 'n fakulteitsreël strydig is met hierdie Reëls, geniet laasgenoemde voorrang.

Waar daar in hierdie Reëls funksies en besluitnemingsgesag aan persone of strukture opgedra word, kan die Senaat of betrokke kampus Senaatskomitee te eniger tyd besluit om verslagdoening oor die uitoefening van die betrokke funksie of die neem van 'n besluit van sodanige persoon of struktuur te vereis, en kan die Senaat of die betrokke kampus Senaatskomitee die betrokke handeling of besluit met inagneming van die implikasies vir diegene wat daardeur geraak word, binne die perke van redelikheid herroep of vervang (Algemene Reëls 1.1.6).

ENG.2.2   ACADEMIC LITERACY / *AKADEMIESE GELETTERDHEID*

All undergraduate students who register at the North-West University for the first time are required to register for a module/modules in academic literacy. This module/these modules must be passed in order to graduate.

a)   Testing

Students must write a compulsory proficiency test in academic literacy, at a time and place determined by the University, to determine their ability to function within the academic environment. The purpose of this test is to identify students who, due to inadequate academic literacy skills, may not complete their study programme within the stipulated period in order to empower them with the necessary knowledge and skills.

Students have the option of writing the compulsory skills test in either English or Afrikaans. With the exception of students who are identified as borderline cases by the test, each student has only one opportunity to write the test. Students who are regarded as borderline cases, will be granted a second opportunity to write the test. It is the student's responsibility to check and verify his/her result within 14 days of writing the test and to register for the correct module in the correct semester (see below).

b)   Module(s)

Academic Literacy Development (ALDE111)

Students who are identified as at-risk after writing the test, must register for the module ALDE111.

i.   Level and credits

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits (additional credits).

ii.   Composition of module and calculation of module marks

ALDE111 comprises one component only, which includes two periods per week. Class attendance is compulsory. The module is only presented in Semester 1.

A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE111, a participation mark of 40% is required.

Note that for conditional admission to ALDE122, a student who is required to follow ALDE111 should obtain a module mark of 40% minimum for ALDE111.

Important: ALDE122 must be completed in the same year in which the conditional admission is granted.

A final module mark of 50% is required to pass the module.

iii.   Important additional information

Specific Faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE111.

Students who have already successfully completed a module similar to ALDE111 at another tertiary institution and can provide proof of this, may apply in writing, on the prescribed form, for formal recognition for the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are of the same value (12), and where content is comparable.

iv.   Language and mode of delivery

ALDE111 is presented in English. The module is presented in both contact and open distance learning mode. Note that only students who are formally registered for open distance learning may follow the module in this mode. All modules in open distance learning mode are presented in English only.

v. Outcomes

On completion of this module students should be able to:

- bridge the divide between secondary school and university education;
- access academic information effectively in order to understand academic texts;
- process academic information successfully; and
- produce academic information responsibly and appropriately.

Academic Literacy Development (ALDE112 or ALDE122)

All students, regardless of the result obtained for the compulsory proficiency test in academic literacy, must register for the module ALDE112 [English] or ALDE122 [English]. Students who do not need to complete ALDE111, register for ALDE112 in Semester 1. Students who are required to enrol for ALDE111, register for ALDE122 in Semester 2. Note that ALDE112 and ALDE122 refer to exactly the same module presented in both semesters. The module codes, however, differ in order to distinguish between the semesters.

i. Level and credits

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits. Note that it is calculated in terms of programme credits. It thus carries a weight of 12 credits in the first-year programme.

ii. Composition of module and calculation of module marks

a) For admission to the module ALDE122, a student must first pass ALDE111 if he/she is compelled to do so. In all other cases students have immediate access to ALDE112 [Semester 1].

b) A final mark of at least 40% in ALDE111 only grants students conditional entry to ALDE122. Students who were allowed to continue with ALDE122 and who passed the examination in this module, may have the result for ALDE111 condoned to a pass by the entity concerned with Academic Literacy. This is subject to the Faculty rules of the Faculty of Humanities.

c) The module ALDE112 or ALDE122 comprises three compulsory components: an Academic Literacy component, a Computer and Information Literacy component and a Reading component. For the academic literacy component class attendance of two periods per week is compulsory. Computer and Information Literacy requires that students learn autonomously, but they will have access to contact sessions if they wish to make use of it. Students are also required to attend a number of sessions in the Reading laboratory as part of the reading component. Depending on a student's reading speed and comprehension, he/she could be compelled to attend more sessions. A student must pass all three components to pass the module.

d) A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE112 or ALDE122, a participation mark of 40% is required.

e) The exam consists of two papers, viz. Academic Literacy and Computer and Information Literacy. The subminimum required to pass the Academic Literacy component, is 40%. The subminimum required to pass the Computer and Information Literacy component, is 50%. These components are dealt with in a ratio of 80:20 when calculating the final mark (80% for the academic literacy and 20% for the computer and information literacy component). For the Reading component, a code for sufficient or insufficient is issued.

iii. Important additional information

Specific Faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE112 OR ALDE122.

Students who have already successfully completed a similar module to ALDE112 or ALDE122 at another institution and can provide proof of this, may apply in writing on the prescribed form for formal recognition of the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are the same value (12), and where content is comparable.

Language and mode of delivery

ALDE112 or ALDE122 is presented in English. The module is presented in both contact and open distance learning mode. Note that only students who are formally registered for open distance learning may follow the module in this mode. Open distance learning is also presented in English.

v. Outcomes

On completion of this module students should be able to:

- successfully become part of the academic learning community and participate in this community;

- access information in a responsible and ethical way in order to write an academic text;

- process information strategically in order to write an academic text;

- produce an academic text;

- read at an acceptable speed and with an acceptable level of understanding; and

- demonstrate a fundamental level of computer and information literacy.

Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Noordwes Universiteit registreer, is verplig om vir 'n module/modules in akademiese geletterdheid te registreer. Hulle moet dit slaag, alvorens hulle kan gradueer.

a) Toetsing

Studente moet 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid skryf op 'n gegewe tyd en plek, soos deur die Universiteit bepaal. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat, a.g.v. onvoldoende akademiese geletterdheidsvaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie, sodat hulle met die nodige kennis en vaardighede bemagtig kan word.

Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van sy/haar uitslag te vergewis en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer (sien hier onder).

b) Module(s)

Academic Literacy Development (ALDE111)

Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module ALDE111 [Engels] registreer.

i. Vlak en krediete

Hierdie module is op NKR-vlak 5 en het 'n waarde van 12 krediete (addisionele krediete).

ii. Samestelling van module en punteberekening

ALDE111 bestaan uit slegs een komponent wat minstens twee periodes per week behels en klasbywoning is verpligtend. Die module word slegs in Semester 1 aangebied.

'n Stelsel van deurlopende assessering word gebruik. Die finale modulepunt word soos volg bereken: Eksamenpunt = 40% en Deelnamepunt = 60%. Vir toelating tot die eksamen in ALDE111 word 'n deelnamepunt van 40% vereis.

Let daarop dat vir voorwaardelike toelating tot die module ALDE122 moet 'n student wat verplig is om eers ALDE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in ALDE111 verwerf.

iii. Belangrike addisionele inligting

Spesifieke fakulteitsreëls i.t.v. terminering van studies kan van toepassing wees indien 'n student ALDE111 nie slaag nie.

Studente wat reeds 'n module soortgelyk aan ALDE111 suksesvol aan 'n ander tersiêre instelling voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid om erkenning aansoek doen. Erkenning word slegs toegestaan in gevalle waar die modules op dieselfde NKR-vlak is (NKR5), die kredietwaarde minstens dieselfde is (12) en die inhoude vergelykbaar is.

iv. Taal en modus van aanbieding

ALDE111 word in Engels aangebied. Die module word in beide kontak- en afstandsmodusse aangebied, maar let daarop dat slegs studente wat formeel vir afstandsonderrig geregistreer is, dit in die afstandsmodus mag volg. Alle afstandsmodules word slegs in Engels aangebied.

v. Uitkomste

By afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- *die gaping tussen hoërskool en universiteit te oorbrug;*

- *op effektiewe wyse toegang tot akademiese inligting te verkry met die doel om akademiese tekste te verstaan;*

- *akademiese inligting suksesvol te prosesseer; en*

- *akademiese inligting gepas en verantwoordelik te produseer.*

Academic Literacy Development (ALDE112 or ALDE122)

Alle studente, ongeag die uitslag van die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid, moet vir die module ALDE112 (English) of ALDE122 (English) registreer. Studente vir wie dit nie nodig is om vir ALDE111 te registreer nie, moet vir ALDE112 in Semester 1 registreer. Studente wat vir ALDE111 moet registreer, registreer vir ALDE122 in Semester 2. Let op dat ALDE112 en ALDE122 presies dieselfde module is. Die modulekodes verskil bloot om tussen die twee semesters te onderskei.

Verwys na die Engelse besonderhede vir meer inligting aangaande hierdie modules hier bo.

ENG.2.3   WARNING AGAINST PLAGIARISM / *WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT*

Assignments are individual tasks and not group activities (unless explicitly indicated as group activities). For further details see:

http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules

ENG.2.4   CAPACITY STIPULATION / *KAPASITEITSBEPALINGS*

Please take cognizance of the fact that, owing to specific capacity constraints, the University reserves the right to select candidates for admission to certain fields of study. This means that prospective students who comply with the minimum requirements may not necessarily be admitted to the relevant courses.

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

ENG.2.5   PROTECTION OF PERSONAL AND EDUCATION-RELATED INFORMATION / *BESKERMING VAN PERSOONLIKE EN OPVOEDKUNDIG-VERWANTE INLIGTING*

General Academic Rule 1.11 stipulates the following:

In the course of the registration process the extent to which the student's personal or education-related information may be disclosed to a third party is determined, but the student may withdraw or amend permission granted to disclose such information by means of a request in writing submitted to the Registrar. The university may disclose personal or education-related information regarding a student to a third party only after the law applicable to the protection of and access to information has duly been complied with.

Algemene Akademiese Reël 1.11 bepaal die volgende:

In die loop van die registrasieproses word die mate waarin die student se persoonlike of opvoedingsverwante inligting aan 'n derde party openbaar gemaak mag word bepaal, maar die student mag toestemming onttrek of wysig om sodanige inligting bekend te maak deur middel van 'n skriftelike versoek aan die registrateur. Die universiteit kan slegs persoonlike of opvoedingsverwante inligting rakende 'n student aan 'n derde party bekend maak nadat die wet wat op die beskerming van en toegang tot inligting van toepassing is, behoorlik nagekom is.

ENG.2.6 ADMISSION REQUIREMENTS FOR THE QUALIFICATION AND FACULTY / *KWALIFIKASIE EN FAKULTEIT-SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES*

ENG.2.6.1 General/ *Algemeen*

The number of students allowed into a school or programme may be restricted.

For admission to BEng degree studies the following apply:

Full Matriculation exemption, with an APS count of at least 34, Mathematics level 6 (70%-79%) and Physical Sciences level 6 (70%-79%).

The Language requirement is a pass at level 5 (60%-69%) in the language of instruction on either the Home or First Additional Language level.

Consult the requirements for undergraduate studies and the calculation of the APS score, as well as for application purposes: http://engineering.nwu.ac.za/engineering/applications

Students not adhering to the minimum requirements, but still obtaining a minimum pass at level 4 (50%-59%) for both Mathematics as well as Physical Sciences, may apply to write the Engineering Potential Test, which may be used in conjunction with the matriculation marks for consideration to a programme.

General Enquiries:
018 299 4026.
Booking for the test: 018 299 1318.

More information: http://engineering.nwu.ac.za/node/21112

Die aantal studente wat per skool toegelaat word, mag beperk word.

Vir toelating tot BIng-studie geld die volgende:

Matrikulasievrystelling, met 'n minimum APS-telling van 34, Wiskunde vlak 6 (70%-79%) en Fisiese Wetenskap (Skeinat) vlak 6 (70%-79%).

Taalvereiste nl. 'n slaagsyfer van 50%-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig of huistaal- of eerste addisionele taalvlak.

Raadpleeg die toelatingsvereistes vir voorgraadse studie vir die wyse waarop die APS-telling bepaal word by: http://engineering.nwu.ac.za/engineering/applications

Bogenoemde, tesame met die verpligte ingenieurstoets, maak deel uit van die keuringsproses.

ENG.2.6.2 Admission from BSc to BEng / *Toelating vanaf BSc na BIng*

Prospective students who do not comply with the admission requirements for BEng programmes offered by the faculty, and who have registered on year level 1 of a BSc programme in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, may in year 1 of their studies reapply for admission to the Faculty of Engineering.

At the end of his/her first year a new application for admission to a programme offered by the Faculty of Engineering can be submitted. Admission is subject to performance and requires that all the first-year modules must be passed at a minimum of 60%. The applicant must also write the Engineering Potential Test.

By virtue of General Academic Rule 1.7.4 a student who desires to change to another curriculum must apply, in writing, to the relevant faculty for recognition of modules already passed and which form part of the curriculum to which he/she wants to change.

Voornemende studente, wat nie aan die toelatingsvereistes van 'n program wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, voldoen nie, kan aansoek doen vir registrasie van Jaarvlak 1 van 'n toepaslike BSc-program by die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, met die oog op moontlike keuring aan die einde van 'n suksesvolle eerste jaar. Toelating tot FNAS is onderhewig aan daardie program se toelatingsvereistes asook kapasiteit.

Aan die einde van sy/haar eerste jaar kan 'n student weer aansoek doen vir keuring vir toelating tot 'n program wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word. Toelating is onderhewig aan prestasie en die slaag van al die modules van die eerste jaar. Die Ingenieurstoets moet ook afgelê word met die oog op finale keuring.

Kragtens Algemene Akademiese Reël 1.7.4 kan 'n student wat van kurrikulum wil verwissel, skriftelik by die betrokke Fakulteit aansoek doen om erkenning van modules wat hy/sy reeds geslaag het en wat deel uitmaak van die kurrikulum waarna hy/sy wil oorskakel.

ENG.2.6.3 Joining from another university / *Toelating vanaf 'n ander universiteit*

a) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University, are strongly advised to complete only the first-year level of the programme at that university before applying to continue with the second-year level programme at this University.

b) Applications from students who started their engineering studies at another university and who wish to continue at this university, will only be considered if the first year of study has been completed successfully at the previous university. An application to continue with the second year of the BEng programmes at this university, will be considered.

c) Students who studied Engineering at another university are subject to selection. Their applications for admittance to one of the BEng programmes will be treated on an *ad hoc* basis.

d) Students who studied Engineering at another university and who were not allowed to continue at that university, will not be allowed to register for any BEng programme at NWU.

e) Applications for admission to one of the BEng programmes for a particular year, close on **31 July** of the previous year and application for acceptances of modules on the grounds of corresponding modules passed at another university, must be directed to the Executive Dean before the beginning of the academic year.

f) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University must, at the start of their study at the other university, already have complied with the admission requirements of the Faculty of Engineering of the NWU.

Enquiries:
Admissions Office
Building F20
(018) 299 2624

a) *Studente wat hulle studie in ingenieurswese by 'n ander universiteit begin het en wat hul studie aan hierdie universiteit wil voortsit, se aansoek sal oorweeg word slegs indien die eerste jaar, binne een jaar, suksesvol by die vorige universiteit voltooi is. 'n Aansoek om by die tweede jaargang van die BIng-programme hier aan te sluit, sal oorweeg word.*

b) *Studente wat ingenieurswese aan 'n ander universiteit gestudeer het, is aan keuring onderworpe. 'n Gedragsertifikaat moet ook getoon word. Aansoeke om toelating tot die BIng-program sal met inagneming van vorige leer ad hoc hanteer word.*

c) *Studente wat in die ingenieurswese aan 'n ander universiteit studeer en nie toegelaat word om hulle studie in ingenieurswese aan daardie betrokke universiteit voort te sit nie, sal nie toegelaat word om by die BIng-programme van die NWU aan te sluit nie.*

d) *Aansoeke om aansluiting by die BIng-program vir 'n gegewe jaar, sluit op **31 Julie** van die voorafgaande jaar en aansoeke om erkenning van modules op grond van ooreenstemmende modules wat aan 'n ander universiteit geslaag is, moet voor die begin van die akademiese jaar, skriftelik aan die betrokke Uitvoerende Dekaan gerig word.*

e) *Studente wat in die ingenieurswese by 'n ander universiteit studeer en hulle studies aan hierdie universiteit wil voortsit, moes by die aanvang van hulle studie by die ander universiteit, reeds voldoen het aan die toelatingsvereistes van die Fakulteit Ingenieurswese van die NWU.*

Navrae:
Toelatingskantoor
Gebou F20
(018) 299 4154

ENG.2.7   RECOGNITION OF PRIOR LEARNING / *ERKENNING VAN VORIGE LEER*

The requirements regarding recognition of prior learning are stipulated in General Academic Rule 1.7.

Die vereiste ten opsigte van erkenning van vorige leer vir hierdie kwalifikasie, word in Algemene Akademiese Reël 1.7 vervat.

ENG.2.7.1   Amendment of curriculum and/or qualification / *Wysiging van kurrikulum en/of kwalifikasie*

Converting from one curriculum to another (including amendment of qualification or programme) requires the submission of a student request form. The full transcript of the student along with the maximum period of the study, will be considered. Admission is subject to the approval of the Executive Dean.

Oorskakeling van een kurrikulum na 'n ander (insluitend wysiging van kwalifikasie of program) geskied deur die indiening van 'n studenteversoekvorm. Die volledige akademiese rekord van die student tesame met die toegelate maksimum duur van die studie, word in ag geneem. Toelating is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Dekaan.

ENG.2.8   REGISTRATION / *REGISTRASIE*

i)   Annual registration / *Jaarlikse registrasie*

The following apply for annual registration (General Academic Rules 1.10.1): / *Ingevolge Algemene Reëls 1.10.1 geld die volgende:*

Every returning student must register annually in their personal capacity, either by means of a paper-based or an electronic registration process, for the learning components that are prescribed for the specific study year, in accordance with the Faculty rules applicable to the qualification, programme and module(s) concerned (General Academic Rules 1.10.1.1).

A student is personally responsible to:
- ensure compliance with all the programme and module registration requirements and the completion and submission of the formal documents required for registration as specified in Faculty rules (General Academic Rules 1.10.1.2.1); and
- determine that there are no clashes in contact timetables or scheduled assessment opportunities of the modules for which the student registers (General Academic Rules 1.10.1.2.2).

The university reserves the right to refuse or cancel the registration of a student where an applicant provides false, incorrect or incomplete information or documentation to register as a student, or where any other condition provided for in these rules is not satisfied (General Academic Rules 1.10.1.3).

Faculty rules provide for the requirements for active participation of students in specific programmes and students may not register for modules in which they are unable to or intend not to actively participate (General Academic Rules 1.10.1.4).

In order to receive credits for a specific module a student must be registered for such module and pass it (General Academic Rules 1.10.1.5).

- Ability to predict the right fluid machine for the right application;
- Ability to predict the performance of a full-size fluid machine given the performance of a scale model;
- Ability to predict the performance of a fluid machine given the geometry of the machine as well as the flow conditions before and after the machine; and
- Ability to predict the performance of fluid machines in basic flow networks.

Module uitkomste:

Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort studente oor die volgende te beskik:
<u>*Kennis*</u>
- *Fundamentele stromingsmasjien-konsepte en -definisies, hidrouliese pompe, hidrouliese turbines, sentrifugale kompressors en waaiers, aksiaalvloeikompressors en waaiers.*
<u>*Vaardighede*</u>
- *Keuse van die regte stromingsmasjien vir die regte toepassing;*
- *Voorspelling van die werksverrigting van 'n stromingsmasjien, gegewe die werksverrigting van 'n skaalmodel;*

- *Voorspelling van die werksverrigting van 'n stromingsmasjien, gegewe die geometrie van die masjien, asook die vloeitoestande voor en na die masjien; en*
- *Voorspelling van die werksverrigting van stromingsmasjiene in vloeinetwerke.*

Module code: INGM415	Semester 1	NQF level: 8

Name: **Failure of Materials /** *Naam: **Faling van Materiale***

Module outcomes:

After successful completion of this module, students should have:

Knowledge

- Of the most important failure phenomena and the prevention of failure through suitable design and operation. This knowledge is conveyed during lectures, case studies, and practical investigations of failed components.

Skills

- Ability to understand the different conditions for specific type of material failures;
- Ability to do computations for fatigue and brittle failures; and
- Ability to apply knowledge for vibration analysis and diagnostics of problems during machine condition monitoring, as a predictive maintenance approach.

   NOTE: New code INGM424

Module uitkomste:

Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort studente oor die volgende te beskik:

Kennis

- *Van die belangrikste falingsverskynsels en die voorkoming van faling deur geskikte ontwerp en bedryf. Hierdie kennis word oorgedra tydens lesings, gevallestudies en praktiese ondersoeke van gefaalde komponente.*

Vaardighede

- *Vermoë om die verskillende toestande by spesifieke tipes materiaalfalings te verstaan;*
- *Vermoë om berekenings te doen i.v.m. vermoeidheid en brosfalings; en*
- *Vermoë om kennis toe te pas m.b.t. vibrasie-analise en -diagnose van probleme tydens masjienkondisiemonitering as voorspelbare onderhoudsbenadering.*

Module code: INGM417	Semester 1	NQF level: 8

Name: **Systems Engineering /** *Naam: **Stelselingenieurswese***

Module outcomes:

After successful completion of this module, the student should be able to:

- Define a user requirement in engineering terms, do a functional analysis of the system and creatively generate system concepts and evaluate it;
- Break a system down into sub-systems and components, assign applicable technical performance measures to it, and design according to the specifications;
- Communicate in writing with technical audiences by means of reports; and
- Work in a group.

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- *'n Gebruiker-vereiste in ingenieursterme te kan definieer, 'n funksionele analise van die stelsel te kan doen en kreatief stelselbegrippe te kan genereer en evalueer;*
- *'n Stelsel in substelsels en komponente op te kan breek, toepaslike tegniese werkverrigtingsmaatreëls te kan toewys en ontwerp volgens die spesifikasies;*
- *Skriftelik met tegniese gehore deur middel van verslae te kan kommunikeer; en*
- *In 'n groep te kan werk.*

Module code: INGM421	Semester 1	NQF level: 8

Name: **Machine Dynamics /** *Naam: **Masjiendinamika***

Module objective:

To equip the student with basic knowledge of machine dynamics, vibration and condition monitoring. The module builds on the knowledge gained in dynamics and serves as a basis to identify and understand typical problems found in practice.

Module outcomes:

After successful completion of this module, the student should be able to:

- Use the flexibility method to determine the unknown reaction forces and the element forces of statically indeterminate structures;

- Use the stiffness method to determine the displacements of statically determinate and indeterminate structures;
- Derive the weak formulation and set-up the associated Galerkin finite element formulation for one-dimensional second order and fourth order differential equations;
- Use the finite element method to determine the approximate solution of one-dimensional second order and fourth order differential equations;
- Communicate effectively and function in a team in the context of the abovementioned problem-solving skills that have been developed; and
- Reason and act ethically correct based on an established value system.

Module uitkomste:
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- *Die fundamentele kennis van masjiendinamiese teorie, insluitende bewegingswette, natuurlike en geforseerde vibrasies asook gespesialiseerde kennis om vibrasieprobleme op te los, te kan toepas;*
- *Die gebruik van verskillende meettoerusting om data van vibrasieprobleme in te win, te kan verstaan;*
- *Kennis van die diagnosering van vibrerende stelsels vir toestandmonitering en voorkomende instandhouding van toerusting te kan toepas; en*
- *Eksperimentele data, gemeet gedurende praktiese sessies, te kan analiseer en interpreteer.*

INGM423 = also INGM223 Manufacturing Technology / *Vervaardigingstegnologie*

Module code: INGM423	Semester 2	NQF level: 8
Name: **Manufacturing Technology /** *Naam:* ***Vervaardigingstegnologie***		

Module outcomes:
After successful completion of this module, students should have:
Knowledge
- Characteristics and manufacturability properties of engineering materials;
- Material-forming manufacturing processes to manufacture components from metals, plastics, composites and ceramics;
- Material-removal manufacturing processes to manufacture components from different materials; and
- Material jointing processes used to join different materials, e.g. welding, brazing, adhesive bonds, etc.

Skills
- Know and understand the applications and limitations of the different manufacturing processes and be able to apply them successfully to engineering problems related to manufacturing;
- Understand the economic aspects related to manufacturing as well as the impact it has on the design process;
- Be able to apply knowledge with respect to material properties and manufacturing processes and technology to solve industrially oriented problems regarding material forming, manufacturing and value adding processes;
- Be able to suggest suitable testing, inspection, and quality-assurance procedures for application in the manufacture of a specific component;
- Be able to optimise manufacturing processes to manufacture a component more competitively;
- Be able to design components with the emphasis on manufacturability of the component/product;
- Understand the impact of different manufacturing technologies on the environment, workforce and surroundings; and
- Understand the dangers and issues relating to the safe use of different manufacturing technologies, and therefore understand the professional responsibility of the manufacturing engineer to conduct manufacturing operations in a responsible and safe manner.

NOTE: This module is the same as INGM223, started in 2017. INGM423 ends at the end of 2019

Module uitkomste:

Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort studente oor die volgende te beskik:
Kennis
- *Karakteristieke en vervaardigbaarheidseienskappe van ingenieursmateriale;*
- *Materiaalvormingsvervaardigingsprosesse om komponente te vervaardig uit metale, plastieke, komposiete en keramieke;*
- *Materiaalverwyderingsvervaardigingsprosesse om komponente van verskillende materiale te vervaardig; en*
- *Materiaal-lasprosesse wat gebruik word om verskillende materiale te heg, bv sweiswerk, sweissoldering, plakhegting, ens.*
Vaardighede
- *Ken en verstaan die toepassings en beperkings van die verskillende vervaardigingsprosesse en in staat om dit suksesvol te kan toepas op ingenieursprobleme i.v.m. vervaardiging;*
- *Verstaan die ekonomiese aspekte wat verband hou met die vervaardiging, asook die impak wat dit op die ontwerp-proses het;*
- *In staat om kennis toe te pas met betrekking tot materiaaleienskappe en vervaardigingsprosesse en -tegnologie om industrie-georiënteerde probleme m.b.t. materiaalvorming, vervaardiging en waardetoevoeging-prosesse op te los;*
- *In staat om geskikte toetsing-, inspeksie-, en gehalteversekeringsprosedures vir toepassing in die vervaardiging van 'n spesifieke komponent te stel;*
- *In staat om produksieprosesse te optimaliseer om 'n komponent meer mededingend te vervaardig*

- *In staat om komponente te ontwerp met die klem op vervaardigbaarheid van die komponent/produk;*
- *Verstaan die impak van verskillende vervaardigingstegnologieë op die omgewing, arbeidsmag en omstreke; en*
- *Verstaan die gevare en kwessies m.b.t. die veilige gebruik van verskillende vervaardigingstegnologieë, en verstaan daarom die professionele verantwoordelikheid van die vervaardigingsingenieur om vervaardigingbedrywighede op 'n verantwoordelike en veilige manier te doen.*

Module code: INGM425	Semester 2	NQF level: 8

Name: **Aircraft Design** / *Naam: **Vliegtuigontwerp***

Module objective:
The objective of the module is to prepare the student for further in depth study of aerodynamics and aircraft design and give an introduction to the fundamentals of aeronautical engineering.

Module outcomes:
After successful completion of this module, students should have:
Knowledge:
- Understand the fundamentals of fluid mechanics, lift, drag, thrust, aircraft performance, stability and control.

Skills:
- Use XFOIL (2D computer software for designing airfoils) to design and optimize airfoils;

- Integrate knowledge of this and other modules to design a basic aircraft, according to   specifications.

Previously INGM416

Module uitkomste:
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student oor die volgende te beskik:
Kennis
- *Verstaan die grondbeginsels van stromingsleer, hefkrag, sleepkrag, stukrag, vliegtuig-werkverrigting, stabiliteit en beheer.*

Vaardighede
- *Die gebruik van XFOIL (2D-rekenaar-progammatuur vir die ontwerp en optimisering van   draagvlakke); en*
- *Integrering van kennis en vaardighede van hierdie en ander modules om inligting te ondersoek en te bestuur, data te analiseer en gebruik, en 'n vliegtuig te ontwerp volgens gegewe spesifikasies.*

Module code: INGM427	Semester 1	NQF level: 8

Name: **Thermal Fluid System Design** / *Naam: **Termo-vloeierstelselontwerp***

Module outcomes:
After successful completion of this module, students should have:
Knowledge
- Knowledge in the fields of steam turbines and coal fired boilers.

Skills
- Ability to design a basic Rankine cycle by means of convergent and divergent synthesis of existing knowledge, with emphasis on feed pumping combinations and regenerative feed water heating options;
- Combined cycle principles;
- Boiler operational problems, control system philosophy, clinker formation and sootblowing philosophies; and
- Steam boiler auxiliary plant, combustion, and airflow optimisation with coal quality impact factors;
- Safety precautions, air pollution and impact on society.

Module uitkomste:
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet 'n student oor die volgende beskik:
Kennis
- *Kennis op die gebied van stoomturbines en steenkoolgestookte ketels.*

Vaardighede
- *Ontwerp 'n basiese Rankine-siklus d.m.v. konvergente en divergente sintese van bestaande kennis, met klem op voerpomp-kombinasies en regeneratiewe voerwater-verhittingsopsies;*
- *Gekombineerde siklus-beginsels;*
- *Ketel-bedryfsprobleme, beheerstelsel-filosofie, klinkervorming en roetblaasfilosofieë;*
- *Stoomketel-hulpaanleg, verbranding, en lugvloei-optimering met die steenkoolkwaliteit-impak faktore; en*
- *Veiligheidsmaatreëls, lugbesoedeling en impak op die samelewing.*

Module code: INGM471	Semester 2	NQF level: 8

Name: **Vacation Training seniors /** *Naam: **Vakansie-opleiding seniors***

This is a compulsory attendance module for a period of six weeks during the vacation.

Module outcomes:

After successful completion of the module the student should have a better understanding of the skills a professional engineer needs, the process of engineering and problem solving. The student should be able to take his/her place in industry and apply safety requirements in the workplace.

An occupational safety course (NOSA) will be completed during the second year of study at the University before the start of the vacation training in industry.

Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule vir 'n tydperk van ten minste ses weke gedurende die vakansie.

Module uitkomste:
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student 'n begrip te hê van die vaardighede waaroor 'n professionele ingenieur moet beskik, die proses van ingenieurswese en probleemoplossing beter te kan verstaan, sy/haar plek in die nywerheid te kan volstaan en veiligheidsmaatreëls in die werksomgewing te kan toepas.
'n Beroepsveiligheidskursus (NOSA) word gedurende die tweede studiejaar, voor die aanvang van die praktiese opleiding in die nywerheid, by die universiteit voltooi.

Module code: INGM479	Year module	NQF level: 8

Name: **Project /** *Naam: Projek*

Module outcomes:
After successful completion of this module, the student should be able to:
- Define the problem and divide it into smaller problems;
- Synthesize, analyse and evaluate the possible solutions;
- Document the design or experimental procedures;
- Fabricate the design or experimental hardware;
- Test aspects of the design, evaluate the design or do the experiments;
- Collect information through the library and/or internet;
- Report on the project both verbally and in writing; and
- Use project management software to manage progress on the project.

Module uitkomste:
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- *Die probleem te kan definieer en in kleiner probleme te verdeel;*
- *Die moontlike oplossings te sintetiseer, analiseer en evalueer;*
- *Die ontwerp of eksperimentele prosedures te kan dokumenteer;*
- *Die ontwerp of eksperimentele hardeware te kan vervaardig;*
- *Aspekte van die ontwerp te kan toets, die ontwerp te kan evalueer of om die eksperimente te kan doen;*
- *Gegewens deur die biblioteek en/of internet te kan inwin;*
- *Beide mondeling en skriftelik verslag oor die projek te kan doen; en*
- *Projekbestuursagteware te kan gebruik om vordering met die projek te bestuur.*

Module code: ITRW325	Semester 2	NQF Level: 7

Name: **Decision Support Systems II /** *Naam: Besluitsteunstelsels II*

Module outcomes:
After successful completion of this module, the student should be able to:
- Identify the problem (or model type) based on a problem specification given;
- Solve given problems in each of the (sub-) fields of study by hand and/or by utilizing available software;
- Interpret/explain the solution to the problem (as for management); and
- Construct/develop a DSS based on a given case study (project).

Module uitkomste:
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- *'n Afgeronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van die argitektuur van 'n besluitsteunstelsel;*
- *Die vaardigheid te demonstreer om as individu en in groepsverband verskillende tipes probleme op te los deur die keuse van 'n geskikte besluitsteunmodel;*
- *Die vermoë hê om 'n besluitsteunstelsel te kan konstrueer d.m.v. die integrasie van alle voorafgaande kennis; en*
- *'n Besluitsteunstelsel te ontwerp op grond van 'n gevallestudie (projek).*

Module code: LLAW221	Semester 2	NQF level: 6

Name: **Introduction to Labour Law** / *Naam: **Inleiding tot Arbeidsreg***

Module outcomes:

Upon successful completion of this module students should be able to demonstrate the following:

- A detailed knowledge and understanding of the principles of Labour Law with specific reference to:
    1) what labour law entails, the different sources and the distinction between individual and collective labour law;
    2) the nature and essentialia of a contract of employment;
    3) the rights and obligations of the employer and employee in an employment relationship; and the conclusion and termination of a contract of employment as well as remedies for breach of contract.
- A comprehensive knowledge and understanding of the influence and application of the *Constitution of the Republic of South Africa,* 1996 on the field of Labour Law and specifically on core labour legislation such as the *Labour Relations Act* 66 of 1995*, Basic Conditions of Employment Act* 75 of 1997, the *Employment Equity Act* 55 of 1998 and other core labour legislation.
- Ability to select, evaluate and apply legal principles to solve fundamental problems in a defined environment in the field of Labour Law as well as an understanding of the ethical implications of decisions, actions and practices specifically relevant to Labour Law and to represent the employment parties during dispute resolution processes. This will include discipline-specific methods and techniques of scientific enquiry and information gathering on subject-related topics from relevant sources, as well as analysing, evaluating and synthesising the information and providing conclusions to a given context in the field of Labour Law.
- Accurate and coherent written and verbal communication of principles, rules and solutions to problem-solving tasks or projects by means of preparing for a disciplinary hearing, conciliation, arbitration, the writing of legal opinions and written answers to evaluations with an understanding of and respect for intellectual property conventions, copyright and rules on plagiarism.
- Monitor own learning progress and apply relevant learning strategies and management of resources to successfully realise all learning outcomes of this module.

Na suksesvolle afhandeling van LLAW 221 behoort die student in staat te wees om die volgende te kan demonstreer:

Module uitkomste:

- *Gedetailleerde kennis toon van en begrip vir die beginsels van Arbeidsreg met spesifieke verwysing na*
    1. *wat arbeidsreg behels, die verskillende bronne en onderskeid tussen individuele en kollektiewe arbeidsreg;*
    2. *die aard van en essentialia van 'n dienskontrak;*
    3. *die regte en verpligtinge van die werkgewer en werknemer in 'n arbeidsverhouding en die sluit en terminering van 'n dienskontrak, asook remedies vir kontrakbreuk.*
- *Gedetailleerde kennis en begrip van die invloed en toepassing van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 op die gebied van Arbeidsreg en spesifiek op kern- arbeidswetgewing, byvoorbeeld die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997, die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 en ander kern-arbeidswetgewing.*
- *Die vermoë om regsbeginsels te selekteer, te evalueer en toe te pas met die doel om fundamentele probleme in 'n gedefinieerde omgewing op die gebied van Arbeidsreg op te los asook om die etiese implikasies van besluite, optredes en praktyke wat spesifiek met Arbeidsreg verband hou, te verstaan en die indiensnemingspartye tydens dispuutresolusie-prosesse te verteenwoordig. Dit sal insluit: dissipline-spesifieke metodes en tegnieke rakende wetenskaplike ondersoek en inligtingsinsameling oor vakverwante onderwerpe uit toepaslike bronne, asook die sintetisering van die inligting en die verskaffing van gevolgtrekkings vir 'n gegewe konteks op die gebied van Arbeidsreg.*
- *Akkurate en samehangende geskrewe verbale kommunikasie van beginsels, reëls en oplossings vir probleemoplossingstake of projekte deur middel van die voorbereiding vir 'n dissiplinêre verhoor, konsiliasie, arbitrasie, die skryf van regsmenings en geskrewe antwoorde op evaluerings met begrip van en respek vir intellektuele-eiendomkonvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat.*
- *Eie leervordering kan moniteer en toepaslike leerstrategieë en die bestuur van hulpbronne kan toepas om alle leeruitkomste van hierdie module suksesvol te bereik.*

Module code: MTHS111	Semester 1	NQF Level: 5

Name: **Introductory Algebra and Analysis I /** *Naam*: ***Inleidende Algebra en Analise I***

Module outcomes:

On completing this module students ought to be able to do the following:

- Demonstrate fundamental knowledge of the concept of functions, absolute value function, circle measure and inverse functions, trigonometric and inverse trigonometric functions, exponential and logarithmic functions, limits, continuity, differentiability and indefinite integrals of all the above mentioned functions, L'Hospital's rule and its applications, the natural number system including mathematical induction, the integer number system including the division and Euclidian algorithms and their applications, rational and irrational numbers, the real number system, and the complex number system including De Moivre's theorem and its applications;
- Demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using the knowledge of techniques to calculate the domain and range, limits, continuity, derivatives and indefinite integrals of all the above mentioned functions, calculate limits using L'Hospital's rule, prove theorems with mathematical induction, determine greatest common dividers and use it to solve Diophantine equations, and perform operations with complex numbers.

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan doen:

- *Fundamentele kennis demonstreer van die funksiebegrip, absolutewaardefunksie, sirkelmaat en inverse funksies, trigonometriese en inverse trigonometriese funksies, eksponensiale en logaritmiese funksies, limiete, kontinuïteit, differensieerbaarheid en onbepaalde integrale van al bogenoemde funksies, L'Hospital se reël en sy gebruike, die natuurlike getallestelsel insluitend wiskundige induksie, die heelgetallestelsel insluitend die delings- en Euklidiese algoritmes en hul gebruike, rasionale en irrasionale getalle, die reële getallestelsel, en die komplekse getallestelsel insluitend De Moivre se stelling en sy gebruike;*
- *Probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om definisie-en waardeversamelings, limiete, kontinuïteit, afgeleides en onbepaalde integrale van al bogenoemde funksies te bereken, limiete met behulp van l'Hospital se reël te bereken, stellings deur wiskundige induksie bewys, grootste gemene delers bepaal en dit gebruik om diofantiese vergelykings op te los, en bewerkings met komplekse getalle uit te voer.*

Module code: MTHS121	Semester 2	NQF Level: 5

Name**: Introductory Algebra and Analysis II /** *Naam*: ***Inleidende Algebra en Analise II***

Module outcomes:

After completion of this module students ought to be able to do the following:

- Demonstrate fundamental knowledge of vectors in three dimensional space, their properties and applications, polynomials in one variable including the factor theorem, the remainder theorem, synthetic division and Euclidean algorithm, rational functions including partial fractions, permutation, combinations, the binomial theorem, the use of derivatives in optimisation and curve sketching, Taylor series including the basic theorems on the convergence of series, the fundamental theorems of differential and integral calculus, Riemann sums, the basic properties and applications of the definite integral, advanced integral techniques, hyperbolic and inverse hyperbolic functions, and applications of integration to surfaces, lengths and volumes;
- Demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using knowledge of techniques to describe three dimensional spaces, to calculate dot, cross and triple products and use it to solve a variety of problems, determine roots and greatest common dividers of polynomials, decompose rational functions into partial fractions, determine the number of arrangements and selections from a set, do binomial expansions, sketch functions, formulate optimisation problems mathematically and use knowledge of derivatives to solve them, calculate Taylor series and judge its convergence, determine Riemann sums, determine definite integrals, and calculate surfaces, lengths and volumes.

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan doen:

- *Fundamentele kennis demonstreer van vektore in driedimensionele ruimte, hul eienskappe en gebruike, polinome in een veranderlike insluitend die faktorstelling, die resstelling, sintetiese deling en Euklidiese algoritme, rasionale funksies insluitend parsiële breuke, permutasies, kombinasies, die binomiaalstelling, die gebruik van afgeleides in optimalisering en krommesketsing, Taylor-reekse insluitend die basiese stellings oor die konvergensie van reekse, die fundamentele stellings van differensiaal- en integraalrekene, Riemannsomme, die bepaalde integraal se basiese eienskappe en gebruike, gevorderde integrasietegnieke, hiperboliese en inverse hiperboliese funksies, en toepassings van integrasie op oppervlaktes, lengtes en volumes;*
- *Probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om drie-dimensionele ruimtes te beskryf, punt-, kruis- en trippelprodukte te bereken en gebruik om 'n verskeidenheid van probleme op te los, wortels en grootste gemene delers van polinome te bepaal, rasionale funksies in parsiële breuke te ontbind, die aantal rangskikkings en keuses uit 'n versameling te bepaal, binomiaaluitbreidings te doen, funksies te skets, optimeringsprobleme in 'n wiskundige formulering te giet en die kennis van afgeleides gebruik om dit op*

te los, Taylor-reekse te bereken en die konvergensie daarvan te beoordeel, Riemannsomme te bepaal, bepaalde integrale te bepaal, en oppervlaktes, lengtes en volumes te bereken.		

MTHS211 [2019] = WISN211 Analysis III / *Analise III*

Module code: MTHS211	Semester 1	NQF Level: 6
Name**: Advanced Calculus I /** *Naam*: *Gevorderde Calculus I*		
Module outcomes: On completing this module, students should be able to do the following: • Demonstrate a thorough knowledge and insight into all the aspects of the differential calculus of multivariate functions: partial and directional derivatives, the gradient function, optimisation problems, including Lagrange's method, directional derivatives and gradients, and double and triple integrals; • Demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using knowledge of techniques to solve practical problems modelled with multivariate functions; and • Demonstrate the ability to use the geometric and physical meaning of the above-mentioned concepts to describe the underlying mathematical structure of applied problems and to interpret the significance of the mathematical solutions.		
Module uitkomste: *Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan doen:* • *Grondige kennis en begrip demonstreer in al die aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlike funksies: parsiële- en rigtingafgeleides, die gradiëntfunksie; optimeringsprobleme insluitende Lagrange se metode, rigtingsafgeleides en gradiënte, asook berekening van dubbel- en drievoudige-integrale;* • *Probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om praktiese probleme wat deur meer veranderlike funksies gemodelleer word, op te los; en* • *Die meetkundige en fisiese betekenis van die bogenoemde konsepte kan gebruik om die onderliggende wiskundige struktuur van toegepaste probleme te kan formuleer, en die betekenis van die wiskundige oplossing kan interpreteer.*		

MTHS212 [2019] = WISN212 Linear Algebra I / *Lineêre Algebra I*

Module code: MTHS212	Semester 1	NQF Level: 6
Name: **Linear Algebra I /** *Naam*: *Lineêre Algebra I*		
Module outcomes: On completion of this module, the student will demonstrate a thorough and advanced knowledge of, and skill in the underlying principles, the methods, and the application of the theory regarding selected aspects of the following topics: • Systems of linear equations and their solution(s), including geometrical interpretations where applicable; • Matrices and their operations, including inverses of matrices; • The vector spaces $\mathbf{R}^n$ and subspaces, including the column space and nullspace of a matrix, linear dependence and independence, bases, dimension and the rank and nullity of a matrix; • Linear transformations, including geometrical interpretations in two dimensions; • Determinants with applications such as Cramer's rule, the area of a parallelogram and volume of a parallelepiped; • Eigenvalues and eigenvectors of matrices; and • Applications to systems of linear differential equations.		
Module uitkomste: *Na voltooiing van die module, sal die student 'n deeglike en geordende kennis van, en vaardigheid in die onderliggende beginsels, die metodes, en die toepassings van die teorie rakende geselekteerde aspekte van die volgende onderwerpe demonstreer:* • *Stelsels van lineêre vergelykings en hulle oplossing(s), insluitend meetkundige interpretasies waar toepaslik;* • *Matrikse en hulle bewerkings, insluitende inverses van matrikse;* • *Die vektorruimtes $\mathbf{R}^n$ en deelruimtes, insluitend die kolomruimte en nulruimte van 'n matriks, lineêre afhanklikheid en onafhanklikheid, basisse, dimensie en die rang en kerndimensie (nulheidsgraad) van 'n matriks;* • *Lineêre transformasies, insluitend meetkundige interpretasies in twee dimensies;* • *Determinante met toepassings soos Cramer se reël, die oppervlakte van 'n parallelogram en die volume van 'n parallelepipedum;* • *Eiewaardes en eievektore van matrikse; en* • *Toepassings op stelsels van lineêre differensiaalvergelykings.*		

MTHS223 [2019] = WISN225 Engineering Analysis / *Ingenieursanalise*

Module code: MTHS223	Semester 2	NQF Level: 6

Name: **Engineering Analysis /** *Naam*: *Ingenieursanalise*

Module outcomes:
On completing this module, students should be able to demonstrate advanced knowledge of and insight into the application of:
- Vector fields, line integrals and the Fundamental Theorem of line integrals, Green's theorem, oriented surfaces and surface integrals, rotation and divergence, the theorems of Stokes and Gauss;
- Convergence criteria for sequences of real numbers and the monotone convergence principle, convergence of series, standard convergence tests, absolute and conditional convergence, introduction to power series, Taylor's theorem; and
- Definition of derivatives and contour integrals of complex functions, Laurent's theorem (as an extension of Taylor's theorem), algebraic manipulation of Laurent series, formal definition of the Z-transform and basic rules for Z-transforms, partial fraction method for computing inverse transforms, applications to difference equations.

Module uitkomste:
By voltooiing van die module, behoort studente gevorderde kennis en insig in die toepassing van die onderstaande kan demonstreer:
- *Vektorvelde, lynintegrale en die Grondstelling van lynintegrale, Green se stelling, gerigte oppervlakke en oppervlakintegrale, rotasie en divergensie, die stellings van Stokes en Gauss;*
- *Konvergensie kriteria vir rye reële getalle en die monotoon konvergensiebeginsel, konvergensie van reekse, standaard konvergensie toetse, absolute en voorwaardelike konvergensie, inleiding tot magreekse, Taylor se stelling; en*
- *Definisie van afgeleides en kontoerintegrale van komplekse funksies, Laurent se stelling (as 'n uitbreiding van Taylor se stelling), algebraiese manipulasie van Laurent reekse, formele definisie van die Z-transform en basiese reels vir Z-transforms, die parsiele breuke metode om inverse transforms te bereken, toepassings op verskilvergelykings.*

MTHS224 [2019] = WISN227 Applied Linear Algebra / *Toegepaste Lineêre Algebra*

Module code: MTHS224	Semester 2	NQF Level: 6

Name: **Applied Linear Algebra /** *Naam*: *Toegepaste Lineêre Algebra*

Module outcomes:
On completion of this module the student should:
- Demonstrate advanced knowledge of and insight into bases and linear independence of functions, and be able to use it in applications;
- Be able to use concepts like eigenvalues and eigenvectors in applications such as diagonalisation, discrete dynamical systems and systems of linear differential equations;
- Be able to use the concepts of inner product, length and orthogonality to find orthogonal bases and master their applications such as for example the least squares method and linear models; symmetric matrices and further applications; and
- Demonstrate problem-solving skills by analysing known and unknown problems and applications and applying the knowledge and techniques of linear algebra.

Module uitkomste:
By voltooiing van die module, behoort studente:
- *'n Deeglike kennis van en insig te toon in basisse en lineêr onafhanklikheid van funksies en in staat wees om dit in toepassings te gebruik;*
- *In staat te wees om begrippe soos eiewaardes en eievektore in toepassings soos diagonalisering, diskrete dinamiese stelsels en stelsels van lineêre differensiaalvergelykings te gebruik;*
- *In staat wees om die begrippe van inproduk, lengte en ortogonaliteit te gebruik om ortogonale basisse te vind en hulle toepassings te bemeester, soos byvoorbeeld die kleinste-kwadrate-metode en lineêre modelle, simmetriese matrikse en verdere toepassings; en*
- *Probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme en toepassings te ontleed en die kennis en tegnieke van lineêre algebra te gebruik.*

Module code: NCHE111	Semester 1	NQF Level: 5

Name: **Introductory Inorganic and Physical Chemistry /**   *Naam*: *Inleidende Anorganiese en Fisiese Chemie*

Module outcomes:

After completion of the module NCHE111, the student should demonstrate:

- Fundamental knowledge and insight of the properties of substances and compounds, intermolecular interaction, aqueous solutions, chemical equilibria, acids and bases, precipitation and electron transfer reactions; and the ability to apply this knowledge to write down and name chemical formulae;
- The ability to balance chemical reactions, use and apply stoichiometric and other calculations to find an unknown quantity;
- The ability to recognize and apply tendencies from the periodic table (main group elements);
- The ability to apply laboratory technique and safety rules;
- The ability to explain chemical phenomena, do calculations connected with the phenomena, report results scientifically and to better understand the applications of scientific results in the industry and the environment; and
- The ability to manage chemical reactions by calculating the enthalpy of reactions, determining the rate of reactions, equilibrium constants, and other aspects of aqueous equilibria such as buffer solutions and solubility products.

Module uitkomste:

Na voltooiing van die module NCHE111, behoort die student:

- *Fundamentele kennis en insig te demonstreer van die eienskappe van stowwe en verbindings, intermolekulêre wisselwerking, waterige oplossings, chemiese ewewigte, sure en basisse, neerslagvorming en elektronoordragreaksies en hierdie kennis te kan toepas om chemiese formules te skryf en te benoem;*
- *Reaksievergelykings te kan balanseer, stoïgiometriese en ander berekenings te gebruik om 'n onbekende grootheid te vind;*
- *Die bevoegdheid te hê om tendense en verbande uit die periodieke tabel (hoofgroepe) te verklaar;*
- *Vaardighede te demonstreer in die toepassing van laboratorium- en veiligheidsreëls;*
- *Bevoeg te wees om waargenome chemiese verskynsels te verklaar, berekenings in verband daarmee uit te voer, resultate wetenskaplik te kommunikeer en toepassings daarvan in die nywerheid en omgewing beter te kan begryp; en*
- *Die vermoë te hê om chemiese reaksies te bestuur deur die entalpie van reaksies te bereken, die tempo van reaksies te bepaal, ewewigskonstantes te bepaal en ander aspekte van waterige ewewigte soos bufferoplossings en oplosbaarheidsprodukte te bereken.*

Module code: NCHE121	Semester 2	NQF Level: 5

Name*:* **Introductory Organic Chemistry /** *Naam*: *Inleidende Organiese Chemie*

Module outcomes:

On successful completion of this module the student should be able to demonstrate:

- Knowledge and **informed understanding** of the concepts underpinning the subthemes of atomic structure, chemical bonding, molecular geometry, organic nomenclature, and intermolecular forces as well as the most important classes of organic compounds, including alkanes, alkenes, benzenes, haloalkanes, alcohols, amines, ethers, carboxylic acids, acyl halides, anhydrides, esters and amides;
- An ability to evaluate the structures of organic compounds and thereby identify suitable synthesis procedures with a **limited number of steps**;
- Conduct in the academic environment that adheres to the rules as stipulated by the North-West University code of conduct;
- Utilisation of **basic research skills**, such as sourcing and verifying information from various sources and using this information to construct a coherent body of knowledge; and communicate these discipline-specific ideas in writing in an accurate and coherent way while showing respect for conventions around copyright and plagiarism;
- The ability to apply the green chemistry approach to organic chemistry and to show the relation between our approach to chemistry and the long-term survival of the human race; and
- The ability to manage his or her learning and implement the discipline-specific learning strategies given in the NCHE 121 study guide to improve learning problems.

Module uitkomste:

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *Kennis en **ingeligte begrip** van die konsepte wat die volgende subtemas van organiese chemie onderlê: atoomstruktuur, chemiese binding, molekulêre geometrie, organiese nomenklatuur en intermolekulêre kragte, sowel as die belangrikste klasse van organiese verbindings, insluitende alkane, alkene, bensene, haloalkane, alkohole, amiene, eters, karboksielsure, asielhaliede, anhidriede, esters en amiede;*
- *Die vermoë om die struktuur van organiese verbindings te evalueer en sodoende geskikte sinteseprosedures met 'n **beperkte aantal stappe** te identifiseer;*
- *Optrede in die akademiese omgewing wat voldoen aan die gedragskode van die Noordwes-Universiteit;*

- *Aanwending van **basiese navorsingsvaardighede**, soos insameling en verifikasie van inligting vanuit verskillende bronne en die gebruik van hierdie inligting om 'n koherente geheel saam te stel; en die vermoë om vakspesifieke idees skriftelik te kommunikeer op 'n koherente wyse met inagneming van die konvensies rakende kopiereg en plagiaat;*
- *Die vermoë om die groen chemie benadering toe te pas op organiese chemie en die verwantskap tussen ons benadering tot chemie en die langtermyn oorlewing van die mensdom aan te toon; en*
- *Die vermoë om sy of haar leeraktiwiteite te bestuur en vakspesifieke leerstrategieë, soos aangetoon in die **NCHE121** studiegids, te implementeer om leerprobleme te verbeter.*

Module code: NCHE211	Semester 1	NQF Level: 6

Name: Analytical Chemistry II / Naam: Analitiese Chemie II

Module outcomes:

After completion of the **NCHE211** module, the student should demonstrate:

- Integrated knowledge of the basic theories underlying types of errors occurring during chemical analyses, statistics applied on analytical results, taking and preparing samples, quality control, acid-base and complexometric titrations, gravimetry, surface characterisation techniques, atomic spectroscopy, liquid extraction, ion exchange and chromatography;
- Appropriate laboratory skills in order to conduct measurements associated with all of the above-mentioned theoretical aspects;
- The ability to demarcate and effectively solve problems associated with the theoretical and practical (experimental) aspects; and
- An understanding of the safe, ethical and professional conduct required of a professional analytical chemist.

Module uitkomste:

Na voltooiing van die module NCHE211, behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *Geïntegreerde kennis van die basiese teorieë onderliggend tot tipes foute wat tydens chemiese ontledings gemaak word, statistieke berekeninge op analitiese resultate, neem en voorbereiding van monsters, kwaliteitsbetuur, suur-basis en kompleksometriese titrasies, gravimetrie, oppervlakkarakteriseringstegnieke, atoomspektroskopie, vloeistof ekstraksie, ioonuitruiling en chromatografie;*
- *Toepaslike laboratorium vaardighede om metinge wat verband hou met al die bogenoemde teoretiese aspekte uit te voer;*
- *Die vermoë om probleme af te baken en doeltreffend op te los wat verband hou met die teoretiese en praktiese (eksperimentele) aspekte;*
- *'n Begrip van die veilige, etiese en professionele gedrag wat van 'n professionele analitiese chemikus verwag word.*

Module code: NCHE222	Semester 2	NQF Level: 6

Name*: **Organic Chemistry II** / *Naam*: **Organiese Chemie II**

Module outcomes:

After completion of the module NCHE222, the student should demonstrate:

- Detailed knowledge and a clear understanding of models used to present atoms and molecules as well as the properties, reactions and mechanisms pertaining to aromatic chemistry;
- A clear understanding of prevalent schools of thought that determine the progress within the field of molecular models;
- The ability to select, implement and evaluate the correct mechanism to demonstrate the possible progression of specific aromatic based reactions;
- The ability to effectively use appropriate laboratory skills to synthesize and purify specific compounds;
- The ability to solve a multi-step reaction using suitable reagents and products to ensure the manufacture of the desired compound; and
- A sense of responsibility for fellow humans and the environment in scientific investigations while acting in accordance with the code of conduct relevant to chemistry.

Module uitkomste:

Na voltooiing van die module NCHE222, behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *'n Gedetailleerde kennis en 'n duidelike begrip van die modelle wat gebruik word om atome en molekules voor te stel, sowel as die einskappe, reaksies en meganismes wat van toepassing is op aromatiese chemie;*
- *'n Begrip van die huidige denkskole wat die ontwikkeling binne die veld van molekulêre modelle bepaal;*
- *'n Vermoë om die korrekte meganisme te kan kies, toe te pas en te evalueer om sodoende die moontlike progressie van spesifieke aromatiese reaksies weer te gee;*
- *'n Vermoë om toepaslike laboratoriumsvaardighede effektief te gebruik om spesifieke verbindings te vervaardig en te suiwer;*
- *'n Vermoë om 'n multi-stap reaksie te kan weergee deur die nodige reagense en produkte aan te dui om die vervaardiging van die korrekte produk te verseker; en*
- *'n Verantwoordelikheidsgevoel in sy chemiese ondersoeke vir sy medemens en die omgewing, terwyl hy volgens die gedragskode van chemici optree.*

Module code: NPHY111	Semester 1	NQF Level: 5

Name: **Basic Physics 1** / *Naam*: ***Basiese Fisika I***

Module outcomes:

After completion of the module the student should demonstrate:

